Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 167\05

Datum verhoor: 2006\03\27
Datum gelewer: 2006\03\30

In die appél van:

**ORIL MARLON ABELS** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R et LACOCK R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding aan roof. Hy is gevonnis tot 8 jaar gevangenisstraf en daar is gelas dat 4 jaar daarvan samelopend uit-gedien moet word met die vonnis van 18 jaar gevangenisstraf wat die appellant op daardie stadium besig was om uit te dien. Die appellant is verlof tot appél verleen alreeds in 2000. Daar is geen feite en/of redes voorgelê waarom die appél nie tydig voortgesit is nie. Daar is ook geen behoorlike aansoek vir kondonasie vir dié

nalate voor ons nie – die *roneo* vorms wat deur die appellant gebruik is, is bloot oop gelaat in dié verband. Ek oorweeg tog egter die meriete van die appél, doelmatigheidshalwe.

2. Die appellant was beskuldigde 2 tydens die verhoor. Hy en sy mede-beskuldigde is dit ten laste gelê deur die Staat dat hulle op 1 Februarie 1998 die Langstons en Shoeline winkels beroof het van kontant, klerasie, skoene en ander items ter waarde van R12 080,19. Beide beskuldigdes het onskuldig gepleit. Hulle was onverteenwoordig tydens die verhoor. Na afloop van die Staatsaak is die destydse beskuldigde 1 ontslaan ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet (Wet 51/1977) se bepalings.

3. Die Staat het vier getuies geroep om getuienis te lewer ten aansien van die pleging van die bepaalde misdryf. Al vier die getuies was werknemers by die voormelde winkels. Twee van die vier getuies het die appellant uitgeken as een van die rowers. Sodanige uitkenning het geskied in die hof, met ander woorde dit was 'n sogenaamde "*dock identification*".

4. Die vier getuies wat getuig het is as volg:

a) Florence Pierce ("*Florence*"), wat destyds in diens was as bestuurderes van die skoenewinkel, Shoeline;

b) Gregory Julius ("*Gregory*") wat in diens was as 'n verkoopsman by Shoeline skoenewinkel;

c) Clifton Lombaard ("*Clifton*") wat werksaam was as 'n verkoopsman by Langstons;
d) Deline Julius ("*Deline*") wat ook gewerk het as 'n verkoopsdame by Langstons klerewinkel.

5. Die voormelde vier getuies se weergawes van die verloop van gebeure stem in breë trekke ooreen en kan as volg saamgevat word:

5.1 Kort voor toemaaktyd op die dag van die voorval ('n Sondag) het twee mans die winkels binnegestap (dit blyk uit die getuienis dat Langstons en Shoeline een groot winkel gedeel het). Een van die mans (wat later blyk die appellant te gewees het) het 'n hoed op sy kop gehad met goed wat daar langsaan afgehang het langs sy gesig. Dié hoed het hy egter na sy binnekoms by die winkels afgehaal en op een van die klererakke geplaas. Die ander persoon saam met die appellant het kort na hulle binnekoms die winkelsaal verlaat en geeneen van die staatsgetuies het dié onbekende persoon weer daarna opgemerk in die winkel nie.

5.2 Die appellant het gekyk na klerasie en het van die items op die toonbank geplaas waarin hy belanggestel het. Hy is kort daarna uit en het toe teruggekeer. Met sy terugkeer het die appellant reguit na die skoene afdeling (dit wil sê die Shoeline-gedeelte van die winkel) beweeg waar die staatsgetuie Gregory hom bedien het. Die appellant het op 'n stadium 'n vuurwapen tevoorskyn gebring en vir Gregory aangesê om vir Clifton na agter te roep (dit blyk uit die getuienis dat die skoenegedeelte aan die agterkant van die winkel is).
5.3 Nadat Clifton opgedaag het by die agterste gedeelte van die winkel waar die appellant besig was om Gregory met die vuurwapen aan te hou, is hy aangesê om vir Florence na daardie agterste gedeelte te roep, wat

hy dan ook gedoen het.

5.4 Die appellant het toe dié drie (Gregory, Florence en Clifton) na die voorste gedeelte van die winkel laat beweeg terwyl hy agter hulle aangestap het met sy vuurwapen op hulle gerig. By die voorste gedeelte en wel by die toonbank is Deline deur die appellant gekonfronteer aangaande die vraag of sy die alarmknoppie gedruk het, wat sy ontken het.

5.5 Die vier Staatsgetuies is toe na die agterste kombuisgedeelte van die winkel geneem waar Clifton aangesê is om die ander drie met kleefband vas te maak. Hy het dan ook al drie sy medepersoneellede se arms vasgebind met die kleefband. Deline se mond is ook toegeplak daarmee, aangesien sy blykbaar geskree het.

5.6 Daarna het die appellant en Clifton na die kluis beweeg waar 'n sekere bedrag kontantgeld uitgehaal is. Hulle twee is toe terug na die kombuis waar Clifton vasgebind is en waar Florence uitgeneem is om geld uit die kluis by die Shoelinegedeelte van die winkel te gaan haal. Daarna is sy weer vasgebind in die kombuis en is hulle vier aangesê om daar stil te sit en nie te beweeg nie. Op dié stadium het die appellant homself klaarblyklik uit die voete gemaak.

6. Die appellant is uitgeken in die hof deur Florence en Clifton as die rower wat met die vuurwapen hulle daar beroof het op die bepaalde dag.

7. In die Verdediging se saak het die appellant self getuig en het hy aandadigheid aan die misdryf heeltemal ontken. Hy het aangevoer dat Florence hom vantevore al kon gesien het by die huurmotorstaanplek in die stad waar hy gereeld dwelms verkoop het oorkant die gebou van die Narkotika Buro. Hy het verder ook aangevoer dat Clifton hom ken omdat Clifton voorheen aan hom gebruikte klerasie verkoop het, waarvoor hy (die appellant) nie ten volle betaal het nie. Hy het aangevoer dat Clifton 'n wrok teen hom het daaroor en hom derhalwe valslik beskuldig van die roof.

8. Die appellant het aangedui dat hy twee getuies, ene Prince en Gamodine wou roep as getuies, synde twee persone wat aanwesig was toe die appellant die transaksie met die klere aangegaan het met Clifton waaroor die appellant getuig het. Die appellant (wat op 'n baie laat stadium toe deur 'n advokaat Brown verteenwoordig was) het toe afgesien van die voormelde voorneme, aangesien dit geblyk het dat Gamodine volgens die appellant alreeds met die Staatsaanklaer gepraat het en omrede Prince alreeds 'n verklaring oor die onderhawige gebeure aan die polisie afgelê het en in 'n ander saak vir die Staat getuig het. Dit het geblyk dat Prince se getuienis nie gunstig teenoor hom sou wees nie – ek maak dié afleiding uit die Staatsaanklaer se kruisondervraging van die appellant.

9. Die streeklanddros het die staatsgetuies as geloofwaardig en betroubaar bevind en het in die besonder bevind dat Florence en Clifton 'n *bona fide*, eerlike en betroubare uitkenning gemaak het van die appellant. Mnr. Fourie wat namens die appellant in hierdie appél voor ons verskyn het, het grootliks op dié bepaalde aspek van die skuldigbevinding gekonsentreer tydens sy betoog.

10. Dit is wel so dat die enigste getuienis wat die appellant aan die pleging van die misdryf verbind die "*dock identification'* deur Florence en Clifton is. Die streeklanddros was ook terdeë bewus van dié bepaalde feit. Hy het in sy uitspraak noukeurig oorweging geskenk aan die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is,

meer bepaald met verwysing na die geleentheid vir waarneming wat daar aan Florence en Clifton beskikbaar was om die appellant se gesig te kan sien en later te kan uitken. In dié verband het dié twee getuies albei konsekwent getuig dat die winkel baie helder verlig was, hulle het dit albei bestempel as helderder as die ligte in die hof. Verder het beide van hulle 'n aansienlike tydperk deurgebring in die geselskap van die appellant, soos hy met hulle rondbeweeg het daar in die winkel. Die streeklanddros het ook as bykomende waarborg vir die betroubaarheid van hulle uitkenning aangemerk die feit dat beide dié twee getuies slegs vir appellant as beskuldigde 2 uitgeken het in die hof. Beide van hulle het (soos die geval ook was met Deline en Gregory) aangedui dat hulle nie kan sê of beskuldigde 1 die ander persoon was wat in die winkel was nie.

11. Die streeklanddros se sorgvuldige oorweging van dié betrokke getuienis dui onteenseglik aan dat hy die uitkenningsgetuienis van Clifton en Florence met die nodige versigtigheid benader het wat regtens vereis word. Hy het veral oorweging daaraan geskenk dat die twee getuies (wat albei die eerste keer volgens hulle daardie bepaalde dag die appellant gesien het) moontlik 'n *bona fide,* eerlike fout kon begaan met hulle uitkenning. In dié verband het hy volledig gehandel met die faktore wat 'n rol kon gespeel het by die getuies se waarneming van die appellant en soos onder andere uiteengesit in **S v Mthetwa 1972(3) SA 766 (A) te 768.**

12.1 Dit is na my mening nou gevestigde reg dat ‘n uitkenning in die hof (*“dock identification*”) nie sonder enige bewyswaarde is nie. Die vraag wat afgevra moet word is eerder: As deel van die bewysmateriaal teen ‘n beskuldigde persoon, hoe betroubaar sodanige uitkenning in die hof in al die omstandighede van ‘n gegewe saak is.

Sien in dié verband die breedvoerige bespreking deur Leach R in **S v Matwa 2002(2) SACR 350 (E) te 354 j – 356 f**.

12.2 Soos die geleerde Regter tereg aantoon moet die bewyswaarde van ‘n uitkenning in die hof beoordeel word aan die hand van al die omstandighede, insluitende die geleentheid vir waarneming, beligting, gemoedstoestand van die getuie wat die uitkenning gemaak het en dies meer. Daar is geen vasgestelde reëls in dié verband nie. Elke saak moet op sy eie meriete beoordeel word aan die hand van al die wesenlike faktore wat ter sprake mag wees.

12.3 In die onderhawige geval staan dit na my mening vas dat die twee getuies, Florence en Clifton, oorgenoeg geleentheid gehad het vir waarneming, dat die winkel goed belig was en dat hulle beskrywing van appellant tot ‘n groot mate ooreenstem. In laasvermelde verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat beide Florence en Clifton vermeld het dat die appellant ‘n hoed opgehad het wat gelyk het soos ‘n strooihoed met goed wat langs die kant afgehang het. Nadat hy sy hoed afgehaal het, het hulle gesien dat hy baie kort hare het. Hierdie beskrywing van die appellant is nooit in geskil geplaas nie. Dit is verder van groot belang om te let op die getuie Florence se uitstekende waarnemingsvermoë. Sy het naamlik getuig dat sy vir ‘n totaal van 15 jaar tot op daardie stadium in skoenewinkels gewerk het. Sy het aangedui dat in gevalle waar

kliënte by haar skoene gekoop het, sy gewoonlik in staat is om so 'n kliënt se gesig lank te onthou, veral waar sy 'n aansienlike hoeveelheid tyd met sodanige kliënt deurgebring het tydens die transaksie.

12.4 Vergelyk verder ook in die algemeen die bespreking deur Plasket R in **S v T 2005(2) SACR 318 (E) te 328 h-i.**

13. Die appellant se verduideliking oor hoe die twee uitkenningsgetuies, naamlik Florence en Clifton, hom vantevore kon geken of gesien het, is na my mening tereg deur die verhoorlanddros verwerp as vals bo redelike twyfel. Die appellant het aangevoer dat Florence hom moontlik vantevore by die huurmotorstaanplek kon opgemerk het. Hierdie verduideliking gaan net eenvoudig nie op nie – daar is tog geen rede nie waarom Florence, selfs indien sy haarself op 'n stadium by die huurmotorstaanplek kon bevind het vantevore (iets wat sy ontken het), vir die appellant uit al die mense daar sou uitkies om uit te wys as een van die rowers. Wanneer 'n mens verder kyk na die appellant se verduideliking aangaande Clifton se uitkenning, is dit nog minder oortuigend. Clifton het deurgaans heftig ontken dat hy ooit sake met die appellant vantevore gedoen het aangaande gebruikte klerasie. Hy het naamlik verduidelik dat indien hy klerasie sou verwyder by sy werksplek, dit gou openbaar sou word deur die gereelde voorraadopnames wat daar gehou word. Hierdie verduideliking maak vir my sin en was nooit in geskil geplaas nie.

14. Die streeklanddros het tereg na my mening kritiek uitgespreek aangaande die feit dat daar nie 'n uitkenningsparade in hierdie saak gehou is nie. Die appellant het tewens ook herhaaldelik op dié tekortkominge in die verrigtinge gesinspeel. Die appellant het

egter selfs 'n verduideliking vir dié situasie gebied toe hy deur die Staatsaanklaer daaraangaande gekruisondervra is. Die appellant het naamlik getuig in kruisondervraging dat 'n uitkenningsparade wel geskeduleer was by die gevangenis, maar dat dit toe gekanselleer is toe hy (die appellant) onverwags en per toeval hom vasgeloop het in die uitkenningsgetuies in die gang. Na my mening sou dit geen doel dien om onder sulke omstandighede voort te gaan met die uitkenningsparade nie, waar die uitkenningsgetuies alreeds die verdagte waargeneem het voor die uitkenningsparade.

15. Alles inaggenome is ek die mening toegedaan dat die streeklanddros regtens korrek was om die staatsgetuies, Florence en Clifton, se uitkenning van die appellant as een van die rowers te aanvaar as bewys bo redelike twyfel. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat die appél teen die skuldigbevinding afgewys behoort te word.

16. Die appellant is nie verlof verleen om te appelleer teen sy vonnis nie en het ook nie so 'n aansoek gerig tot die verhoorlanddros nie. Hy het weliswaar in 'n skrywe uit die gevangenis aangevoer dat die opgelegde vonnis te swaar is, omrede hy "onskuldig" is. Daar is egter geen appél teen vonnis voor ons nie en is dit nie nodig om daarmee te handel nie.

17. Bygevolg word die volgende bevel uitgereik:

**DIE APPELLANT SE APPÉL WORD AFGEWYS.**

**DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS HOM OPGELÊ WORD BEKRAGTIG.**

______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**
**Noord-Kaapse Afdeling**

**Ek stem saam:**

______________

**HJ LACOCK**
**REGTER**
**Noord-Kaapse Afdeling**

---

NAMENS APPELLANT : ADV T FOURIE
NAMENS RESPONDENT : ADV M MPOFU

DATUM VAN VERHOOR : 2006\027
DATUM VAN UITSPRAAK :